# Die godsdiensneutraliteitsbeginsel van die Amerikaanse demokrasie – implikasie vir onderwys in die RSA

J.G. van Staden
Departement Historiese en Vergelykende Opvoedkunde
Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

**Abstract**

**The principle of religious neutrality in the American democracy – implications for education in the RSA**

*In a changing, democratic educational dispensation the accommodation of various religious convictions and religious needs of the heterogenous South African population is a matter that has to be dealt with with great circumspection. Valuable lessons that can prevent distress and disruption may be learnt from the way in which the American hyper-democracy has handled the situation.*

*Democracy is the American's predominant pre-occupation. Any attempt of any group (e.g. a religious group) to grant a monopoly in state schools to religious values in special learning content and religious ceremonies and practices has always been opposed. This approach has eventually led to total neutrality as regards traditional religious convictions and practices in American state schools, resulting in the establishment of another conviction (secular humanism) in state schools. Thus it seems that neutrality as regards religious convictions is not possible.*

*Absolutism of the principle of neutrality as regards traditional religions has resulted in a degeneration of moral values. If all the religious convictions cannot be accommodated in the South African public education system, it may for South Africa, as bastion of Christian civilization, be a danger sign as has been the case in the USA.*

# 1. Inleiding

In 'n veranderende Suid-Afrika waar tans sterk nadruk gelê word op demokratiese beginsels, kom vrae toenemend na vore oor hoe die uiteenlopende behoeftes van 'n pluralistiese gemeenskap bevredig kan word. Een van dié behoeftes wat besonder sterk figureer in alle demokrasieë oor die wêreld heen is die akkommodering van mense se uiteenlopende religieuse oortuigings en godsdiensbehoeftes in die openbare onderwysstelsels. Daar is dan ook in talle lande van die wêreld gesprekke aan die gang oor hoe om die verskeidenheid lewensfilosofieë, lewensopvattinge, gelowe en godsdienste in die voorsiening van openbare onderwys te hanteer (Van der Walt, 1992:175).

Ten opsigte van die akkommodering of uitskakeling van dié oortuigings in die nuwe Suid-Afrikaanse openbare onderwysbestel kan waardevolle lesse geleer word uit die hiperdemokratiese model van die Verenigde State van Amerika. Omdat dit soms onmoontlik is om die resultate van 'n onderwysbeleid te beoordeel voordat dit te laat is, is dit volgens Gutmann (1987:97) nodig om die voornemens eerder as die gevolge te beoordeel. Dit is daarom raadsaam om die voornemens vir 'n nuwe demokratiese Suid-Afrikaanse onderwysbestel in verband te plaas met die resultate van 'n gevestigde demokrasie soos in die Verenigde State van Amerika. Die demokratiese idee word allerweë beskou as die kosbaarste en mees onderskeidende element van die Amerikaanse beskawing. Ter wille van hul vryheid (dié van die staat sowel as dié van die individu), geniet die beskerming van demokratiese regte hoë prioriteit. Dit is deur Woodrow Wilson, 'n eertydse Amerikaanse president, beklemtoon in sy oorlogstoespraak voor die Amerikaanse Kongres op 2 April 1917 toe hy gesê het: "We shall fight for the things which we have always carried nearest our hearts – for democracy" (Counts, 1974:279).

Demokrasie is egter 'n betwisbare konsep, want dit hou verskillende betekenisse vir verskillende mense in – veral ten opsigte van onderwysvoorsiening in die VSA. Demokrasie is klaarblyklik ook vatbaar vir verskillende vertolkings in die Suid-Afrikaanse gemeenskap; daarom sal eers kortliks na die verskillende Amerikaanse vertolkings van die begrip *demokrasie* gekyk word. Sekere basiese waardes van demokrasie, wat 'n wesenlike invloed uitgeoefen het op godsdiensneutraliteit in die

Amerikaanse onderwys, sal benadruk word. Gesien in die lig dat vryheid, hetsy van die staat of individue, net soos in Amerika tans in Suid-Afrika hoog aangeslaan word, sal die kwessie van onder andere godsdiensvryheid ook sterk op die voorgrond tree. Die godsdiensneutraliteitsbeginsel wat hiermee gepaard gaan, se invloed op onderwys in die VSA en ook vir 'n toekomstige demokratiese Suid-Afrika, sal gevolglik die fokuspunt van hierdie artikel wees.

## 2. Begripsverklaring

Dit is op hierdie stadium noodsaaklik om duidelikheid te kry oor wat in hierdie artikel bedoel word met die gebruik van begrippe soos *religieuse oortuigings, godsdiensbeskouinge* en *demokrasie.*

### 2.1 Religie en godsdiens

Uit die volgende teoretiese agtergrond behoort duidelikheid verkry te word oor die verskil tussen religie en godsdiens. In Engels word met die woord *religion* verwys na religie, godsdiens en geloof (*faith*) (Fowler & Fowler 1956:1029) – 'n verklaring wat neerkom op 'n gelykstelling van verskillende begrippe. Hoewel die Afrikaanse Verklarende Woordeboek (Kritzinger, *et al.* 1959:507) ook die woord *religie* met *godsdiens* gelykstel, is daar 'n verskil tussen dié begrippe en het elkeen 'n eie besondere betekenis.

*Religie* is volgens Kock (1965:18) die totale verhouding van die mens tot sy Oorsprong of vermeende oorsprong. Religie is dus 'n algemeen menslike verskynsel (Bavinck, 1964:9). Hierdie band of grondverhouding waarna die Woord van God verwys as die 'hart' van die mens, bring 'n grondoortuiging by die mens mee wat so fundamenteel is dat dit die mens se totale denke, waaronder ook sy opvoedingsdenke en lewensuitinge ten grondslag lê (Spier, 1972:17). Die religie of hartsoortuiging van die mens en sy handelinge kan daarom nie van mekaar geskei word nie.

As gevolg van die sonde het die mens as geskapene van God van Hom afvallig geword. So het verskillende apostatiese substituutreligieë vir die ware anastatiese Christelike religie op die voorgrond getree (vgl. Van Wyk, 1975:5). As gevolg van die verskillende religieë het verskillende religieuse oortuigings as dryfkragte na vore getree. Religieuse grond-

oortuigings is in wese tweërlei van aard en 'n duidelike antitese is waarneembaar. Enersyds is daar die anastatiese (dit wil sê op God gerigte) oortuigings en andersyds is daar die apostatiese (dit wil sê dié wat weg van God af op iets uit die kosmos gerig is). Religieuse neutraliteit van die menslike selfheid is daarom in beginsel onmoontlik en uit hierdie antitese is geen sintese moontlik nie (Dooyeweerd, 1963:7). Religie moet egter nie as godsdiens in die enger sin van die woord beskou word nie.

Eenvoudig ontleed beteken die woord *godsdiens* dat dit 'n diens is wat die mens lewer aan sy God of iets wat hy in die plek van God stel, dit wil sê dit is 'n handeling waarmee die mens hom direk tot God of 'n vermeende god wend (Stoker, 1961:191). Johnstone (1975:20) definieer godsdiens as "... a system of beliefs and practices by which a group of people interprets and responds to what they feel is supernatural and sacred". Waar religie dus die totaliteit van die menslike bestaan omvat, is godsdiens beperk tot een van die 15 tydelike funksies van die mens waarin hy handelend optree.

Die religie wat die mens dus in die hart gryp en die religieuse standpunt wat hy op grond daarvan in sy geloof inneem, sal bepalend wees vir sy denke en al sy lewensfunksies waaronder ook sy godsdiensbeskouinge en -handelinge ten opsigte van die opvoeding van sy kinders.

Hieruit blyk dit duidelik dat ten opsigte van religieuse oortuigings, geen neutraliteit moontlik is nie en dat beperkinge op mense se godsdiensbelewinge, veral in die opvoeding van die kind, nie geredelik aanvaar kan word nie.

## 2.2 Die begrip *demokrasie*

Die ou Grieke het demokrasie gesien as 'n regering deur die volk. Die teoloog, John Wycliffe, het hierby aangesluit en dit beskryf as "government of the people, by the people, and for the people" (Counts, 1974:279-280). Demokrasie is dus gesien as 'n bepaalde regeringsvorm, wat dit in werklikheid ook is. Demokrasie word veral deur Amerikaners gesien as 'n lewenswyse waarin beleidsake sover moontlik deur bespreking besleg word (Peters, 1980:72). As lewenswyse benodig dit egter institusionele steun van 'n stelsel van verteenwoordiging, openbare toerekenbaarheid, die vryheid van spraak, die vryheid om byeenkomste te reël en die vryheid van die individu met die erkenning van sy reg om te verskil.

Dewey, die groot Amerikaanse pragmatis, het demokrasie nie as 'n regeringsvorm gesien nie, maar wel as 'n geestelike gemeenskap wat gebaseer is op die deelname van elke mens in die vorming van sosiale waardes (Dewey, 1966a:87). Daarvolgens is elke kind gesien as 'n potensiële lid van die demokratiese kerk en die funksie van onderwys om die kind se lidmaatskap te beklemtoon en sy mag van deelname te verbreed (Dawson, 1961:104). Gevolglik het demokrasie vir die Amerikaner 'n sosiale geloofsoortuiging geword wat bepaal dat elke persoon, ongeag klas, ras of geloof dieselfde regte, vryhede, geleenthede en verantwoordelikhede moet hê.

Ongeag daarvan of demokrasie beskou word as 'n regeringsvorm, 'n lewenswyse of 'n geestelike gemeenskap is sekere basiese waardes kenmerkend van die Amerikaanse gemeenskap.

## 3. Demokratiese waardes

Die stel waardes wat meestal verbind word aan die Amerikaanse demokratiese gemeenskap kan volgens Peters (1980:72-78) en Counts (1974:281-284) in die volgende kategorieë ingedeel word:

* *Demokrasie bevestig die voortreflikheid en waardigheid van die individu.* Hiervolgens is die individu 'n voortreflike persoon in eie reg – 'n gegewe wat nooit slegs as 'n middel beskou moet word nie, maar as 'n doel. Die welvaart en volle ontwikkeling van die individu moet die doel en maatstaf van alle sosiale instellings, verhoudinge en leerstellinge wees.

* *Demokrasie verklaar op 'n ondubbelsinnige wyse dat alle mense gelykvormig geskape is.* Hoewel dit erkenning gee aan die talle verskille in deug en talente van mense, bevestig demokrasie die gelykheid van alle mense voor die reg en morele orde. Die voortreflikheid van die individu word hiermee bevestig, ongeag sy klas, ras of geloof.

* *Demokrasie beskou politieke en burgerlike vryheid as die enigste betroubare bewaker van individuele waarde en gelykheid.* Geloof in die vermoëns van die deursneemens word daarom hoog aangeslaan. Die massas word beskou as die beste regters oor hul eie

belange. Hulle word alleen vertrou met vryheid en gesag en daarom kan en moet hulle hulself regeer. Elke mens het onder andere die vryheid van spraak en denke, die vryheid om te kritiseer, te skryf en om die God van sy eie keuse te aanbid.

* *Demokrasie berus op interpersoonlike moraliteit.* Ordentlikheid en menslikheid in alle openbare verhoudings en die uitvoering van alle openbare aangeleenthede staan voorop. Sonder die ongeskrewe reëls van moraliteit kan demokrasie nie tot sy reg kom nie.

* *Geleenthede vir die individu is een van die basiese waardes van 'n demokrasie.* Die Amerikaanse demokrasie het juis gegroei en gefloreer as gevolg van die ongeëwenaarde geleenthede wat daar vir die deursneemens bestaan. In 'n demokrasie is dit veral die onderwys wat geleenthede vir die jeug moet bied om hulle te bekwaam vir die uitdagings van die toekoms.

* *Demokrasie rus swaar op die verantwoordelikheidsin van die individu.* Broederskap, 'n soeke na die waarheid en regverdigheid en 'n toegeneentheid tot algemene welvaart is die verantwoordelikheid van elke persoon in 'n vrye gemeenskap. Veral die onderwys in 'n demokrasie het 'n verantwoordelikheid om die kind te leer om bewyse te soek vir sy oortuigings en om krities te wees en nie alles wat hy/sy lees en hoor te aanvaar as die waarheid nie.

* *Estetiese en religieuse waardes staan sentraal in die mens se pogings om sin te maak van en om sin te gee aan sy omstandighede en sy onderwys.* Dié waardes is nie kenmerkend van 'n demokratiese lewenswyse nie, maar omdat onderwys die ontwikkeling van verskeie soorte bewusthede vereis, moet individue in 'n demokrasie een of ander vorm van inisiasie in hierdie perspektiewe ontvang met die hoop dat hulle insigte en 'n gevoel daarvoor sal ontwikkel wat vir hulle van toenemende belang mag wees.

Vir 'n effektiewe demokrasie om te oorleef, was dit noodsaaklik om die basiese regte van die individu in die VSA te beskerm. Onderwys is tradisioneel gesien as die middel waardeur hierdie basiese regte bewaar moes word. Daarom is die eerste amendement van die Amerikaanse grondwet so opgestel dat elke burger se

vryheid onaangetas sou bly om onder andere die godsdiens van sy keuse te beoefen (Johnson *et al.*, 1991:240).

# 4. Demokrasie en godsdiensneutraliteit in die onderwys

## 4.1 Die Koloniale tydperk (ongeveer 1600-1776)

Vanaf die pioniersjare het die Amerikaner die kind gesien as 'n potensiële lid van die demokratiese gemeenskap. Onderwys en opvoeding is beskou as die fundamentele metode om die demokratiese vryheidsideaal te bestendig en om sosiale vooruitgang en hervorming te laat realiseer. Die invloed van godsdiens, veral in die onderwys van die jeug, is gesien as 'n noodsaaklike voorvereiste vir 'n stabiele gemeenskap (Wilds & Lottich, 1970:326). Ten einde in die ongerepte toestande te oorleef is klem op die praktiese gelê – 'n beklemtoning wat volgens Kandel (1966:175) aan die een kant geneig het om met wantroue na die teorie te kyk en aan die ander kant 'n geloof ontwikkel het wat slegs daardie ideale wat tot uitvoering gebring kan word, van waarde geag het. Die gedagte met hierdie beskouing is dat onderwys die demokrasie moet dien.

Gedagtig daaraan dat dit uiteraard die taak van die skool is om die individualiteit van die kind hoog aan te slaan, moes dit egter nie 'n struikelblok wees in die totstandkoming van 'n ware demokratiese gemeenskap nie. Die vryheid van die individu word hoog waardeer en sterk beklemtoon, maar sy verantwoordelikheid teenoor die demokratiese gemeenskap word ook besonder benadruk. Die strewe om deur middel van die opvoeding van die individu sy sosiale bruikbaarheid in 'n demokratiese maatskappy te verwesenlik, het gelei tot die absolute geringskatting van tradisionele godsdiensbeoefening in die staatskool. Wanneer 'n bepaalde groep (byvoorbeeld 'n godsdiensgroep) dan gepoog het om hul eie gemeenskapsgees in die onderwys te vestig en so hul volgelinge te vervreem van die algemene gedagtegang van die demokratiese gemeenskap en die staatskool, wat as draer van die gemeenskapsgees beskou is, dan is dit as 'n anti-sosiale krag beskou wat deur enige goeie demokraat veroordeel en verwerp moes word (Dawson, 1961:107).

Onder die verskillende godsdiensgroepe het die vryheidsgees om hul kinders volgens hul eie oortuigings op te voed, sterk gebrand (French, 1967:314). Hervormers het egter gemeen dat slegs sekulêre skole werklik

toeganklik vir alle ouers se kinders sou wees. Daar was ook kommer dat te veel verskillende skole, gebaseer op godsdiensoortuigings, 'n verdelende faktor sou wees in 'n nuwe gemeenskap met 'n basiese nasionale eenheidsdoel (Van Scotter *et al.*, 1979:149). Gevolglik is alle pogings in die staatskole teengestaan om 'n monopolie toe te ken aan godsdienstige waardes in spesiale leerstof, godsdiensseremonies en -instellings (Childs, 1956:326; McCluskey, 1980:227).

## 4.2 Die Republikeinse tydperk (1776-1868)

Teen bogemelde agtergrond is die grondwet van 1789 geskryf. Die belangrikste kenmerk daarvan was die demokratiese beginsels wat daarin beliggaam is. Dat geen melding van onderwys gemaak is nie, het beteken dat dit uitsluitlik onder beheer van die verskillende state geplaas is (Candoli, 1991:2). Volgens Hunt (1975:305) was die opstellers van die grondwet van voorneme om, teen die agtergrond van die historiese kerk-staat-konfrontasies in die Amerikaanse pluralistiese gemeenskap, verdere stryd te voorkom. Klem is gevolglik in talle geskrifte daarop gelê dat onderwys, ten einde 'n bydrae tot vryheid te maak, sekulêr en geskei van godsdiens moet wees. Die meeste state het dan ook laasgenoemde skoolvorm met 'n nie-dogmatiese uitkyk verkies (Ulich, 1975:247). Die gevolg hiervan was dat verskeie godsdiensdenominasies hulle tot privaatonderwys gewend het. Omdat dié onderwys hoë finansiële eise gestel het, is voortdurend gepoog om staatsbronne te bekom ten einde hul onderwys uit te brei.

## 4.3 Uitvloeisels van die Vryheidsoorlog (1868)

Voor die Vryheidsoorlog van 1868 was daar niks in die Federale Grondwet wat die state se regte ten opsigte van onderwyssake beperk het nie. Gevolglik het daar in dié tyd weens die sterk Christelik-Protestantse inslag geen werklike sekulêre skole bestaan nie (Rudy, 1965:190). In 1868 het die Veertiende Amendement, as een van die regsgevolge van die Vryheidsoorlog, egter bepaal dat geen staat enige wet mag deurvoer of toepas wat die voorregte of vryhede van burgers van die VSA sou beperk nie.

Dié bepaling het volgens Byrnes (1975:43) meegebring dat die kerk en

godsdiens in die eerste paar dekades na die Vryheidsoorlog 'n geringer invloed op die Amerikaanse gemeenskap uitgeoefen het as tevore. Voorts het die botsing tussen kerk en skool hewiger geword omdat sekere godsdiensgroepe geforseer is om hul kinders na skole te stuur waar gebruike en godsdienspraktyke strydig was met hul oortuigings. Dit is daarom te verstane waarom die skeiding tussen kerk en staat in dié tyd so suksesvol deurgevoer is.

Die Amerikaanse pragmatis, John Dewey, was van mening dat die taak van Amerikaanse skole die volgende impliseer: "... bringing together those of different nationalities, languages, traditions and creeds in assimilating them together upon the basis of what is common and public in endeavor and achievement, are performing an infinetely significant religious work" (Dewey, 1966b:225). Hierdie "religious work" was in later jare, en tot in die onlangse verlede, vir talle persone onaanvaarbaar. Diegene wat weens hul godsdiensoortuigings gewetensbeswaar aangeteken het teen godsdiensgebruike in openbare onderwys se regte is gereeld deur die onderwysbeleid geskend. Hoewel die openbare onderwyssektor grootliks gesekulariseer is, het verskeie state as gevolg van sterk godsdienssentimente (hoofsaaklik Protestants), Skriflesing en gebed in openbare skole volgens wet toegelaat. Die godsdienskwessie in Amerikaanse openbare onderwys is dus slegs gedeeltelik opgelos.

Die godsdiensneutraliteitsbeskouing en die toenemende humanisties-sekulêre aard van staatskole in die Amerikaanse demokrasie is onomwonde bevestig deur die volgende meerderheidsverslag in 'n hofuitspraak in 1963 wat lui:

> [T]he place of religion in our society is an exalted one, achieved through a long tradition of reliance on the home, the church, and the inviolable citadel of the individual heart and mind. We have come to recognize through bitter experience that it is not within the power of government to invade that citadel, whether its purpose or effect be to aid or oppose, to advance or retard. In the relation between man and religion, the state is firmly committed to a position of neutrality (Rudy, 1965:233).

Of hierdie neutraliteit beteken dat die staat nie sy steun mag toesê aan 'n bepaalde godsdiens nie of dat dit nie finansiële hulp mag verleen aan enige godsdienstiggekleurde onderwys nie, bly 'n twisvraag skynbaar sonder enige oplossingsmoontlikhede.

Dié skaakmatsituasie is verder gekompliseer toe Protestante as die grootste godsdienstige groep in die Amerikaanse samelewing hulle as gevolg van die toenemende sekulêre aard van openbare onderwys al meer tot privaatonderwys begin wend het. Die aanvanklike teenstand van die Protestante vir staatshulp aan privaat kerkskole (hoofsaaklik Rooms-Katoliek) het vervaag omdat baie Protestante hulle begin distansieer het van die moderne gesekulariseerde openbare onderwys (Chalfant *et al.*, 1981:350). Die Protestante se dilemma het ontstaan uit hul aanvanklike teenkanting teen Rooms-Katolieke invloed in openbare skole. Daardeur is hulle volgens McCluskey (1980:226) gedwing om hulpeloos toe te kyk hoe hulle godsdiensinvloed in openbare onderwys verdwyn het om plek te maak vir 'n sekulêre filosofie.

Die sekulêre staatskool het gevolglik die teiken geword van diegene met Christelike religieuse oortuigings (wat talle godsdiensgroeperinge ingesluit het), omdat dit gesien is as die bevoordeling van een religie en godsdiensbelewing, die sekulêre humanisme, bo al die ander denominasies. Wat hieruit na vore tree, is dat wanneer een religieuse oortuiging (byvoorbeeld die Christelike) uit die onderwys geweer word, die teenpool, in die VSA se geval die sekulêre-humanisme, 'n dominerende krag word (vgl. 2.1). Dit blyk dus dat een religieuse geloofsoortuiging altyd 'n dominante invloed sal hê. Vir enige oorwegend Christelike land, soos die VSA en ook Suid-Afrika, het dié realiteit implikasies vir die onderwys wat deeglik verreken moet word.

## 5. Implikasies van die godsdiensneutraliteitsgedagte vir Amerikaanse onderwys

Die sosiale geloofsoortuiging (vgl. punt 2) van die Amerikaanse demokrasie het nie net godsdiensneutraliteit in staatskole tot gevolg gehad nie, maar ook algehele uitskakeling van die gebruik van die tradisionele Christelike godsdienste. Die gevolg hiervan was dat die Christelike religie en godsdiensgebruike in die staatskole vervang is met sekulêr-humanistiese beskouinge. Neutraliteit teenoor die geestelike vorming van die kind, soos in die VSA waar die tradisioneel Christelike godsdiensgebruike uit staatskole geweer is, lei tot verheerliking van die selfgenoegsame mens.

Religieuse neutraliteit is dus 'n nie-haalbare oortuiging, terwyl neutraliteit teenoor Christelik-godsdienstige beskouinge geen blywende tevredenheid en stabiliteit vir 'n demokratiese land, soos die VSA en Suid-Afrika, se onderwys en gemeenskapslewe kan meebring nie. In dié verband het die Fransman, De Maistre, reeds aan die einde van die 18de eeu voorspel dat "education which did not rest upon religion would do no more than pour poison into the state" (Powers, 1984:141). Ten einde bestendigheid te verseker behoort die religie wat deur die meerderheid inwoners van 'n land aangehang word, deurslaggewend te wees ten opsigte van alle openbare godsdiensbeoefening en onderwys, met erkenning van en voorsiening in die behoeftes van diegene wat ander religieuse oortuigings en/of godsdiensbeskouinge huldig.

Wanneer minderheidsgroepe hulle tot alternatiewe onderwys (byvoorbeeld privaatonderwys) wend, behoort staatserkenning en -hulp aan alle onderwys op 'n gelyke basis te geskied, ongeag die onderwyskeuse wat ouers volgens hul demokratiese reg vir hul kinders uitoefen, omdat dit die staat se verantwoordelikheid is om na die behoeftes van al sy belastingbetalers om te sien. In Amerika is staatshulp aan alle skole in die nie-staatsektor verbied en dit het tot groot ontevredenheid en duur hofsake gelei. Geen bevoordeling deur die staat aan een groep of oortuiging bo andere kan in 'n demokratiese bestel bestendigheid bring nie. Dit behoort 'n les te wees vir ander demokrasieë – soos Suid-Afrika – dat gelyke beregtiging ten opsigte van alle religieuse oortuigings en godsdiensbeskouinge al blywende oplossing vir dié onderwysvraagstuk kan bied.

Hoewel 'n demokrasie op interpersoonlike moraliteit berus (vgl. punt 3) het Geer (1967:126) opgemerk dat toe die saambindende krag van die tradisionele godsdienste uit die Amerikaanse openbare skool verdwyn het, het magte van ontnugtering en chaos ingetree. Die afwesigheid van 'n koördinerende beginsel soos godsdiens in die openbare onderwys van die oorwegend Christelik-Westerse demokrasieë bring mee dat leerlinge lewensvreemde beskouinge ervaar. Wanneer hul morele waardes dan degenereer, gee dit meestal aanleiding tot sosiale probleme en geweld. Die verskynsel het ook nie die Amerikaanse openbare onderwys gespaar gebly nie. O'Regan (1993:13) meld enkele syfers ter illustrasie van die probleem.

* 3 miljoen hoërskoolleerlinge is elke maand die slagoffers van misdaad in skole.
* 300 duisend leerlinge word maandeliks aangeval.
* 120 leerlinge is in 'n enkele jaar in skole in Detroit geskiet.
* 900 Amerikaanse onderwysers word elke uur deur hul leerlinge met geweld gedreig en 40 word fisies aangerand.
* Sowat 'n derde van die onderwysers in New York en 'n kwart van alle onderwysers in die land is al minstens een keer aangeval.

Selfs kinders se skoolprestasies toon agteruitgang wanneer die band met godsdiens in die huisgesin en skool verbreek word. 'n Onlangse meningspeiling deur USA Today/CNN/Gallup in die VSA het aan die lig gebring dat tieners vir wie godsdiens 'baie belangrik' is, baie beter op skool vaar as diegene wat dit as 'nie so belangrik' beskou nie. Die grootste gros uit laasgenoemde groep se skoolprestasies is swak, ongeag geslag of kleur (*Rapport*, 1993-11-28, p. 14). Blykbaar het die inherente dissipline van die godsdienstige huisgesin 'n baie groter invloed op kinders as op diegene uit die sogenaamde 'vrydenkende' huise.

Religieuse neutraliteit is volgens die dogma van die Amerikaanse demokrasie dus nie net 'n onmoontlikheid nie, maar ook die uitskakeling van godsdiensgebruike is 'n ongewensde gebruik omdat geen beskaafde samelewing soortgelyke sosiale probleme en geweld kan bekostig en verdra nie.

## 6. Die demokratiese godsdiensneutraliteitsgedagte – 'n les vir Suid-Afrikaanse onderwys

Soos uit die voorafgaande geblyk het, is religieuse neutraliteit nie moontlik nie, maar hou neutraliteit teenoor die uitskakeling van die tradisionele Christelike godsdiensgebruike die gevaar in van sedelike verval en sekularisme. Om volgens demokratiese waardes gelyke beregtiging aan alle religieuse groepe in 'n staatsbestel te laat geskied, behoort gelyke erkenning en beregtiging vanaf staatskant aan alle hoof religieuse groeperinge (byvoorbeeld aan die Christelike godsdiens, die Judaïsme, Islam en sekulêre-humanisme) verleen word om skole volgens hul bepaalde oortuigings te bedryf.

Die versuim tot gelyke beregtiging van die verskillende religieuse oortuigings, waarin daar geen sintese moontlik is nie, sal voortdurend 'n twispunt bly. Die Amerikaanse voorbeeld toon dat die blokkering van vrye beoefening van mense se geestelike waardes in die onderwys van die jeug lei tot geestelike verval en talle sosiale probleme en geweld. Selfs duur hofsake om godsdiensgeskille te probeer besleg, hou vir geen land met 'n sukkelende ekonomie (soos Suid-Afrika) se onderwys voordele in nie. Dit moet dus ten alle koste vermy word.

Om te verhoed dat Suid-Afrika as Christelike beskawingsbastion ten gronde gaan, moet die gevaarligte van verabsolutering van godsdiensneutraliteit in die onderwys, volgens die demokratiese Amerikaanse model, nie geïgnoreer word nie. Tydige maatreëls sal getref moet word om 'n soortgelyke situasie alhier te voorkom. Om te verseker dat die moraliteit van die tradisionele godsdienste nie uit die Suid-Afrikaanse onderwys verdwyn nie, moet ag geslaan word op Heslep (1989:220) se waarskuwing dat "[e]ducation in a democracy will not perform a moral role unless the citizens of the state help decide that it should; and the citizens are not likely to do this unless they are educated to do so".

Die staat en onderwysowerhede sal in 'n toekomstige demokratiese Suid-Afrika ernstig aandag moet gee aan 'n eie Suid-Afrikaanse vertolking van demokrasie. Ten einde stabiliteit te verseker sal elkeen in die geleentheid gestel moet word om onderwys te kan ontvang volgens sy bepaalde religieuse oortuigings, vrye beoefening van sy godsdiensgebruike en sonder benadeling deur die staat.

## Bibliografie

BAVINCK, J.H. 1964. Religies en wereldbeschouwingen in onze tijd. 3de druk. Groningen : Wolters.

BYRNES, L. 1975. Religion and Public Education. New York : Harper & Row.

CANDOLI, I.C. 1991. School System Administration: A Strategic Plan for Site-based Management. Lancaster : Technomic Publishing Co.

CHALFANT, H.P., BECKLEY, R.E. & PALMER, C.E. 1981. Religion in Contemporary Society. Sherman Oaks California : Alfred Publishing Co.

CHILDS, J.L. 1956. American Pragmatism and Education: An Interpretation and Criticism. New York : Henry Holt.

COUNTS, G.S. 1974. Education and American Civilization. Westport, Connecticut : Greenwood Press.

DAWSON, C. 1961. The Crisis of Western Education. London : Sheed & Ward.

DEWEY, J. 1966a. Democracy and Education. New York : The Free Press.

DEWEY, J. 1966b. Selected Educational Writings. London : Heinemann Educational Books.

DOOYEWEERD, H. 1963. Vernieuwing en bezinning om het Reformatorisch grondmotief. Zutphen : Van den Brink.

FOWLER, H.W. & FOWLER F.G. *eds*. 1956. The Concise Oxford Dictionary of Current English. 4th ed. Oxford : Clarendon Press.

FRENCH, W.M. 1967. American Secondary Education. 2nd ed. New York : The Odessey Press.

GEER, W.D. 1967. Religion and the Uncertain Schools. (*In* Sizer, T.R., *ed.* Religion and Public Education. Washington : Houghton Mifflin. pp. 125-132.)

GUTMANN, Amy. 1987. Democratic Education. Princeton, New Jersey : Princeton University Press.

HESLEP, D. 1989. Education in Democracy. Education's Moral Role in the Democratic State. Iowa : Iowa State University Press.

HUNT, M.P. 1975. Foundations of Education: Social and Cultural Perspectives. New York : Holt, Rinehart & Winston.

JOHNSON, J.A., COLLINS, H.W., DUPIUS, V.L. & JOHANSEN, J.H. 1991. Introduction to the Foundations of American Education. 8th ed. Boston : Allyn & Bacon.

JOHNSTONE, R.L. 1975. Religion and Society in Interaction: The Sociology of Religion. Englewood Cliffs, New Jersey : Prentice-Hall.

KANDEL, I.L. 1966. The New Era in Education: A Comparative Study. London : Harrap.

KOCK, P. de B. 1965. Religie, geloof, godsdiens. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 1(1) Mei:17-20.

KRITZINGER, M.S.B., LABUSCHAGNE, F.J., PIENAAR, P. de V., RADEMEYER, J.H. & STEYN, H.A. 1959. Verklarende Afrikaanse woordeboek. Pretoria : Van Schaik.

McCLUSKEY, N.G. 1980. America and the Catholic School. (*In* Steiner, Elizabeth, Arnove, R. & McClellan, B.E. Education and American Culture. New York : MacMillan. pp. 224-232.)

O'REGAN, M. 1993. Skole van skrik. *Rapport-Tydskrif*: 13, Junie 20.

PETERS, R.S. 1980. Democratic Values and Educational Aims. (*In* Sloan, D., *ed.* Education and Values. New York : Teachers College Press. pp. 67-86.)

POWERS, R.H. 1984. The Dilemma of Education in a Democracy. Chicago : Regnery Gateway.

RUDY, W. 1965. Schools in an Age of Mass Culture. An Exploration of Selected Themes in the History of Twentieth-century American Education. New Jersey : Prentice-Hall.

SPIER, J.M. 1972. Oriëntering in die Christelike Wysbegeerte. Eerste Druk. Bloemfontein : Sacum.

STOKER, H.G. 1961. Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom : Pro-Rege.

ULICH, R. 1975. The Schools and Religion: The Historical Present. (*In* Johnson, J.A., Collins, H.W, Dupius, V.L. & Johansen, J.H. Foundations of American Education: Readings. 3rd ed. Boston : Allyn & Bacon. pp. 238-248.)

VAN DER WALT, J.L. 1992. Die probleem van religieuse/godsdienstige pluralisme en die moontlike hantering daarvan in die openbare onderwys. *Koers*, 57(2):175-188.

VAN SCOTTER, R.D., KRAFT, R.J. & DE HAAS, J.D. 1979. Foundations of Education: Social Perspectives. New Jersey : Prentice-Hall.

VAN WYK, J.H. 1975. Religie, opvoedkunde en opvoeding. Potchefstroom : Fakulteit Opvoedkunde, PU vir CHO.

WILDS, E.H. & LOTTICH, K.V. 1970. The Foundations of Modern Education. 4th ed. New York : Holt, Rinehart & Winston.